**MEMORANDUM OOR DIE OOGMERKE VAN DIE WETSONTWERP OP DIE STAATSDIENSKOMMISSIE, 2023**

## 1. INLEIDING

1.1. Die Staatsdienskommissie (Kommissie) is ŉ onafhanklike liggaam wat ingevolge Hoofstuk 10 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* ("die Grondwet"), 1996, gestig is. Die Grondwet verbind die Kommissie se onafhanklikheid stewig met sy onpartydigheid en maak daarvoor voorsiening dat geen staatsliggaam met die funksionering van die Kommissie mag inmeng nie.

1.2. Die Kommissie verkry sy mandaat uit Artikel 195 en 196 van die Grondwet, wat dit met die bewaardertoesigverantwoordelikhede in die belang van die handhawing van doeltreffende en doelmatige staatsadministrasie en ŉ hoë standaard van beroepsetiek in die Staatsdiens, berus.

1.3. Artikel 196(2) van die Grondwet maak daarvoor voorsiening dat die Kommissie deur nasionale wetgewing gereguleer moet word. Artikel 196(9) van die Grondwet maak daarvoor voorsiening dat ŉ Parlementswet die prosedure vir die aanstelling van kommissarisse moet reguleer.

1.4. ŉ Besigheidsaak en ŉ sosio-ekonomiese impakassessering is voorberei aan die hand van die opinie wat in die Nasionale Ontwikkelingsplan (bladsy 412) uitgedruk is, wat die volgende aangaande die Kommissie aandui:

> *"Die kantoor van die Staatsdienskommissie, wat die administratiewe tak van die SDK is, is gedeeltelik afhanklik van die uitvoerende raad vir die aanstelling van sy Direkteur-Generaal en die toewysing van sy begroting. Dit verskaf sommige belangrike voordele, waaronder die ruimte om deel te neem aan die staatsbestuur- en administrasiegroep, maar daar is ook die potensiaal vir dié skakels om die SDK se onafhanklikheid te kompromitteer. Dit is die kwessies waaroor in die toekoms oor nagedink moet word."*

1.5. Die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) stel verder dat daar potensiaal is vir die Kommissie se status as Staatsdiensdepartement om sy onafhanklikheid te kompromitteer aangesien die Kommissie se werknemers geneig is om persoonlike belang te hê in sommige van die kwessies waaroor hulle toesig moet uitoefen.

1.6. Die Parlement het op 15 November 2011 'n besluit geneem dat die Kommissie elke jaar verslag moet doen oor die implementering van Artikel 195(1) van die Grondwet deur die administrasie van alle regeringsfere, staatsliggame en die staatsondernemings in Suid-Afrika. Die Kommissie se verslag behoort by die jaarverslag van die entiteit waaroor die Kommissie elke jaar verslag doen, ingesluit word. Die Kommissie poog om uitvoering te gee aan die Parlementêre Besluit betreffende die loods van die Wetsontwerp op die Staatsdienskommissie, 2023 ("Wetsontwerp").

1.7. Die Wetsontwerp gee uitvoering aan Artikel 196 van die Grondwet in die vestiging van die Kommissiesekretariaat, deur 'n funksieverskuiwing van 'n nasionale departement na die Sekretariaat. Die verwydering van Kommissie uit die Staatsdienswet, 1994, poog om die onafhanklikheid van die Kommissie as grondwetlike instansie, te versterk. Dit sal die Kommissie help met beter kliënte- en belanghebbendebestuur namate hy die moontlike persepsie van belangekonflik met sy administratiewe personeel in die Sekretariaat, verwyder.

1.8. Die Kommissie se mandaat sal binne die staatsdiens en staatsadministrasie geïmplementeer word om munisipaliteite, hul entiteite, nasionale en provinsiale departemente en staatsentiteite, in te sluit.

1.9. Die uitbreiding van die implementering van die Kommissie se mandaat na plaaslike regering en staatsentiteite is in ooreenstemming met die Grondwet en versterk die Kommissie se toesigrol aangaande:

- die behoorlike implementering van mensebestuurspraktyke binne die staatsdiens en staatsadministrasie; en

- die professionalisering van die staatsdiens ter bereiking van 'n bevoegde en etiese staatsdiens.

## 2. OOGMERKE VAN DIE WETSONTWERP

2.1. Die oogmerke van die Wetsontwerp is die volgende:

- Om die Wet op die Staatsdienskommissie, 1997 te herroep en 'n nuwe Wet op die Staatsdienskommissie uit te vaardig wat die Staatsdienskommissie ingevolge Artikel 196 van die Grondwet se voorskrifte sal reguleer;

- om die proses vir die aanstelling van kommissarisse van die Kommissie te reguleer;

- om voorsiening te maak vir die stigting van die Kommissie se Sekretariaat. Die Kantoor van die Staatsdienskommissie wat die Kommissie ondersteun, word omskryf as 'n departement in Bylae 1 van die Staatsdienswet, 1994. Die Wetsontwerp poog om die administratiewe ondersteuning vir die Kommissie te vestig as 'n Sekretariaat gelei deur hoof uitvoerende beampte wat direk aan die Kommissie rapporteer;

- om voorsiening te maak vir die Kommissie om sy grondwetlike mandaat aangaande plaaslike regering en staatsentiteite te vervul; en

- om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee gepaard gaan.

2.2. Die Sesde Administrasie se eerste prioriteit hou daarmee verband om 'n etiese, waarde-aangedrewe, bekwame, bevoegde en ontwikkelingstaat te bou. Die Wetsontwerp poog om die regering se oogmerk aangaande 'n bekwame en etiese staatsdiens en staatsadministrasie te bou, deur sekerheid te bereik in die volle implementering van die magte en mandate van die Kommissie, soos in Artikel 195 en 196 van die Grondwet gestel.

2.3. Die Agbare President het aangekondig dat dienslewering op die distriksvlak van die munisipaliteite sal fokus. Die Kommissie sal op die

distriksdiensleweringsmodel fokus as deel van die reaksie op die regering se behoeftes aangaande die bevordering van die staatsdiens en staatsadministrasie se professionalisering. Die Kommissie sal sodoende op die behoeftes van ŉ ontwikkelingstaat reageer.

2.4. Die Kommissie sal die munisipaliteite in ooreenstemming met Artikel 154(1) van die Grondwet van 1996 ondersteun om die President se opdrag, soos in die Staatsrede van 2023, te bereik, wat soos volg is: *"Die regering implementeer ŉ aantal ingrypings om mislukkings op plaaslike regeringsvlak aan te spreek en basiese dienslewering te verbeter. Dit behels die versterking van staatsverteenwoordigers en -amptenare se bekwaamheid, die onderhoud en opgradering van plaaslike infrastruktuur en om die magte van die nasionale regering in te roep om in te gryp waar munisipaliteite nie hul verantwoordelikhede nakom nie.*

*ŉ Professionele staatsdiens wat bekwame, toegewyde en etiese mense in diens neem, is kernbelangrik vir ŉ doeltreffende Staat en die beëindiging van korrupsie, neerbuigendheid en vermorsing.*

*Integriteitsassesserings sal ŉ verpligte vereiste vir die werwing vir die staatsdiens word en ekstra eksamens sal ingebring word, ter reaksie op die Staatskaping-kommissie en in ooreenstemming met die raamwerk vir die professionalisering van die staatsdiens.*

*Ons wysig wetgewing en versterk die rol van die Staatsdienskommissie om te verseker dat gekwalifiseerde mense aangestel word in senior bestuursposisies en om te verskuif na die skep van ŉ enkele, geharmoniseerde staatsdiens".*

2.5 Die Wetsontwerp sal verseker dat die Kommissie in staat is om sy mandaat heeltemal onpartydig, sonder vooroordeel of inmenging te kan uitvoer, as die bewaarder van goeie staatsbestuur en die bevordering van etiese staatsbestuur in ooreenstemming met die regering se prioriteitsoogmerke.

2.6 Die Wetsontwerp sal die Kommissie se vermoë om op die probleme van korrupsie te reageer, wat een van die uitdagings blyk te wees wat in die Kommissie van Ondersoek na Bewerings van Staatskaping, Korrupsie en Bedrog in die Staatsdiens, waaronder staatsliggame, gelei deur Regter Zondo, vasgestel is. Die Kommissie se fokus op kwessies aangaande korrupsie en integriteit sal regoor die staatsadministrasie en nie net vir die staatsdiens nie, uitgevoer word. Die Kommissie sal steeds die toegewyde Nasionale Teenkorrupsieblitslyn (NTKB) bestuur en volskaalse ondersoeke en klagtehantering wat self ingestel is regoor die staatsadministrasie, waaronder die staatsdiens, onderneem.

2.7 Die Kommissie se onafhanklikheid sal versterk word met ŉ duidelike staatsadministrasie-mandaat en goed geposisioneer wees as ŉ grondwetlike instansie wat aan die Parlement verslag doen. Dit sal die verbetering van die wetgewende tak van die regering se toesig oor die uitvoerende tak, met behulp van die Kommissie se verslae, tot gevolg hê.

**3. INHOUD VAN DIE WETSONTWERP**

3.1 Klousule 1 poog om duidelikheid te verskaf oor die terminologie wat in die Wetsontwerp gebruik word. Die omskrywings van “plaaslike regering”, “munisipaliteit”, “staatsentiteit”, “staatsadministrasie”, “Sekretariaat” en “Kommissiebedingingsforum” word verskaf.

3.2 Klousule 2 handel oor die toepassing van die Wet en stel dat dit toepaslik is op die administrasie van die staatsdiens en staatsadministrasie.

3.3. Klousule 3 handel oor die Kommissie se grondwet, bestaande uit 14 kommissarisse wat deur die President aangestel is.

3.4. Klousule 4 handel oor die aanstelling van kommissarisse wat bekwame en geskikte persone moet wees, in ooreenstemming met Artikel 196(10) van die Grondwet, in lyn gebring met die grondwetlike voorskrifte van Artikel 196(7) en 196(8). Daar is vyf (5) kommissarisse op nasionale vlak en een (1) kommissaris vir elke provinsie. Die President stel die

kommissarisse aan, gebaseer op die Parlement se aanbeveling oor die toepaslike provinsiale wetgewer en Premier.

3.5. Die klousule poog om bystand te lewer aangaande die vereniging van die aanstellingsproses van die kommissarisse deur die aanbevole NKR vlak 8 of ekwivalente kwalifikasies en ervaring van minstens agt jaar in die toepaslike velde, in te stel. Dit is om te verseker dat die kommissarisse professioneel en passend bekwaam is om die mandaat van die Kommissie te lewer, binne die professionalisering van die staatsdiensraamwerk. Dit maak verder daarvoor voorsiening dat ŉ lid van die Parlement, ŉ provinsiale wetgewer, ŉ munisipale raad of die raad of ander beheerliggaam van ŉ staatsentiteit nie as ŉ kommissaris mag dien indien hul sodanige posisie binne die afgelope twee jaar, bereken vanaf die datum van advertering van die uitnodiging vir aansoeke om kommissarisse, beklee het nie.

3.6. ŉ Ampseed of plegtige bevestiging voor ŉ regter-president van die toepaslike afdeling van die Hooggeregshof, of ŉ ander regter, word in Bylae 1 van die Wetsontwerp voorgestel om te verseker dat kommissarisse hulself toewy aan hul rol en hul rol verstaan in die verdediging van die Grondwet en die bevordering van etiese waardes.

3.7. Klousule 5 handel oor diskwalifikasie van aanstelling as Kommissarisse in ooreenstemming met die grondwetlike voorskrifte.

3.8. Klousule 6 handel oor die beperking op die uitvoer van ander werk deur kommissarisse, proses van hernuwing van kommissarisse se ampstermyn en die ontruiming van die amp deur kommissarisse. ŉ Kommissaris se ampstermyn is vyf jaar, wat vir ŉ verdere vyf jaar verleng kan word op die Kommissie se aanbeveling en met die kommissaris se ondersteuning. ŉ Kommissaris moet ŉ bevoegde en geskikte persoon bly wat ŉ bevredigende prestasievlak aangaande sy of haar pligte handhaaf vir die termyn wat vir ŉ bykomende ampstermyn van vyf jaar hernieubaar kan wees.

3.9. ’n Kommissaris moet, ingevolge die klousule, nie ’n lid wees van ’n struktuur van enige politieke party of politieke organisasie nie. ’n Kommissaris moenie bykomende werk doen terwyl hy/sy as kommissaris aangestel is nie, tensy hy/sy die Agbare President se toestemming verkry het. ’n Kommissaris mag uit die amp verwyder word weens wangedrag, onbevoegdheid of onbekwaamheid ingevolge die reëls van die toepaslike provinsiale wetgewer of die Nasionale Vergadering, na al die geval, mits die kommissaris ’n geleentheid gegun word om skriftelik op alle bewerings te reageer.

3.10. Klousule 7 maak voorsiening vir die President om ’n voorsitter en ondervoorsitter vir die Kommissie aan te wys. Die klousule handel ook oor die aanwysing van ’n waarnemende voorsitter of ondervoorsitter, indien die voorsitter en die ondervoorsitter nie op kantoor is nie of nie kan optree nie.

3.11. Dié klousule is in ooreenstemming met klousule 7(3) van die Wysigingswet op die Staatsdienskommissie, 2019, wat stel dat “indien die voorsitter en die ondervoorsitter albei afwesig is of om enige rede nie as voorsitter kan optree nie, moet die President ’n kommissaris aanwys om vir ’n tydperk van hoogstens 30 dae as voorsitter van die Kommissie waar te neem’’.

3.12. Dit is om te verseker dat daar ’n aanwysing van ’n kommissaris is wanneer beide die voorsitter en die ondervoorsitter nie op kantoor is nie en om te verseker dat die proses na elke 30 dae gekontroleer word om ’n gepaste maatreël te bepaal.

3.13. Klousule 8 maak daarvoor voorsiening dat die vergoeding van die kommissarisse van tyd tot tyd deur die President bepaal moet word deur kennisgewing in die *Staatskoerant*, nadat die aanbevelings van die Onafhanklike Kommissie vir Staatsampsdraers in ag geneem is. Dit is belangrik om weg te beweeg van die kommissarisse se salarisse in lyn te bring met die salaris wat ’n direkteur-generaal in die staatsdiens verdien, aangesien dit geneig is om kommissarisse aan amptenare gelyk te stel.

3.14. Die Onafhanklike Kommissie vir die Vergoeding van die Staatsampsdraers moet die Kabinetslid verantwoordelik vir Finansies raadpleeg wanneer die vergoeding van kommissarisse oorweeg word.

3.15. ŉ Verskillende salarisvlak mag vir die Kommissie se voorsitter, ondervoorsitter en ander kommissarisse aanbeveel word. Klousule 8(6) stel dat die kommissarisse se vergoeding nie verminder mag word nie en die aanstellingsvoorwaardes mag nie tydens ŉ kommissaris se ampstermyn, waaronder die hernuwing daarvan, nadelig gewysig word nie.

3.16. Klousule 9 maak voorsiening vir inspeksie en ondersoeke deur die Kommissie. Die Kommissie mag inspeksies doen wat óf fisies is óf die inspeksie van rekords is en mag versoek dat rekords of inligting aan hom verskaf word, wat die departemente en staatsinstansies verplig is om in te dien.

3.17. Klousule 10 maak daarvoor voorsiening dat die Kommissie bemagtig is om ondersoeke in departemente, ander organisatoriese komponente in die staatsdiens en staatsadministrasie, uit te voer. Die Kommissie moet toegang hê tot die toepaslike rekords en inligting wat hom sal help om sy funksies, waaronder by die plaaslike regering en staatsentiteit, uit te voer.

3.18. Dié klousule handel ook oor werknemers in staatsentiteite en munisipaliteite se griewe.

3.19. Klousule 11 handel oor die dagvaardiging van getuies om voor die Kommissie te verskyn of om enige rekord of voorwerp te lewer wat nodig mag wees vir Kommissie om sy geregtelike funksies uit te voer. Dit maak voorsiening daarvoor dat die versuim van ŉ getuie om die voorskrifte van dié artikel na te kom, ŉ oortreding is.

3.20. Klousule 12 maak daarvoor voorsiening dat die Kommissie se verslag aangaande ŉ ondersoek of grief beskikbaar gemaak moet word aan geraakte partye sodra die verslag gefinaliseer is en by die toepaslike uitvoerende gesag of enige ander persoon, ingedien is. ŉ

Ondersoekverslag mag ook verskaf word met die sodanige ander persoon of persone, na al die geval, se toestemming en sekere inligting mag geskei word van ’n gedeelte van die verslag of ’n gedeelte wat met enige ander persoon verband hou.

3.21. Klousule 13 maak daarvoor voorsiening dat ’n departement, staatsentiteit of munisipaliteit wat ’n verslag vanaf die Kommissie ontvang wat hom beveel om op ’n sekere wyse, ingevolge ’n sekere wet, op te tree, moet reageer deur binne 60 dae of binne sodanige korter of langer tydperk, soos wat in die toepaslike verslag deur die Kommissie gestel mag word, aan die Kommissie die plan van aksie aangaande die implementering van die raad, bevel of aanbevelings te verskaf.

3.22. Indien die uitvoerende gesag as gevolg van geldige redes nie in staat is om die besluit te implementeer nie, moet hy/sy terugkeer na die Kommissie met redes of die Kommissie se verslag op hersiening in die hof neem waar daar ’n goeie rede is om dit te doen. Dié voorskrif is toepaslik op die burgemeester en uitvoerende raad van ’n munisipaliteit en die uitvoerende owerhede, voorsitters, rade of hoof uitvoerende beampte van die staatsentiteit.

3.23. Klousule 14 maak daarvoor voorsiening dat ’n kommissaris asook ’n personeellid, soos in klousule 16 oorweeg, onafhanklik en heeltemal onpartydig moet optree in die implementering van die Kommissie se mandaat. Dié klousule verbied ook ’n werknemer van die Kommissie se Sekretariaat of ’n kommissaris om hulp te bied in enige saak waarin ’n werknemer of ’n kommissaris ’n persoonlike belang mag hê.

3.24. Klousule 15 handel oor die obstruksie van die Kommissie in die uitvoer van sy magte of funksies. Enige persoon wat skuldig bevind word aan obstruksie van die Kommissie is skuldig aan ’n oortreding en onderhewig, met skuldigbevinding, aan tronkstraf van tot 12 maande of ’n boete van tot R50,000.00.

3.25. Klousule 16 handel oor die vestiging van die Kommissie se Sekretariaat om voorsiening te maak vir die administratiewe en tegniese

ondersteuning aan die Kommissie. Die Kantoor van die Staatsdienskommissie se werknemers word as aangestel deur die Kommissie se Sekretariaat geag. Hul diensvoorwaardes word deur ’n funksieverskuiwing aan die Sekretariaat oorgedra. Die hoof uitvoerende beampte verantwoordelik vir die bestuur van die Kommissie se aangeleenthede en aangestel deur die Kommissie, staan aan die hoof van die Sekretariaat. Die hoof uitvoerende beampte is aanspreeklik teenoor die Kommissie se voorsitter en die Kommissie en dien vir ’n termyn van vyf jaar wat vir een bykomende termyn hernu mag word.

3.26. Klousule 17 maak voorsiening vir die Kommissie om sy magte aan enige komitee of komitees of een of meer kommissarisse te delegeer, ingevolge sodanige voorwaardes en bepalings wat deur die Kommissie bepaal mag word. Die Kommissie mag nie sy magte om reëls te maak delegeer nie. Die Kommissie is ook nie ontneem van enige mag as gevolg van enige delegasie nie. Dit maak ook verder daarvoor voorsiening dat die voorsitter van die Kommissie enige mag waarna in klousule 16(2) verwys word aan die hoof uitvoerende beampte mag delegeer.

3.27. Klousule 18 handel oor die Kommissie se finansies en rekenpligtigheid. Die voorsitter is, ingevolge die klousule, die Kommissie se uitvoerende gesag. Die Kommissie se begroting moet toegewys word deur gelde wat ten aansien van die Kommissie as ’n grondwetlike instansie deur die Parlement toegewys is.

3.28. Die hoof uitvoerende beampte is die Kommissie se rekenpligtige beampte, ingevolge Artikel 36 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (“WOFB”). Die rekenpligtige beampte se funksies is in ooreenstemming met die verantwoordelikhede ingevolge Artikel 38 van die WOFB.

3.29. Die rekenpligtige beampte is ingevolge Artikel 40 van die WOFB verantwoordelik vir die indiening van alle verslae, finansiële state, kennisgewings en ander inligting wat hy of sy moet opstel en onder die uitvoerende gesag se aandag moet bring vir goedkeuring voordat die

verslag by die Nasionale Tesourie, Ouditeur-Generaal, Parlement of enige ander eksterne liggaam of instansie ingedien word.

3.30. Die Kommissie sal sy eie bankrekening bedryf en sy jaarlikse begroting sal bestaan uit gelde wat deur die Parlement toegewys is vir sy doel en gelde ontvang as donasies of toelae, of bestuursfooiheffings op ŉ werklike kosteverhalingsbasis op spesifieke projekte wat per versoek van ŉ Staatsinstansie uitgevoer kan word. Toepaslike tariewe in dié opsig sal in die *Staatskoerant* gepubliseer word.

3.31. Dit word vereis aangesien die Kommissie sy mandaat ten aansien van Staatsentiteite en plaaslike regering op ŉ toenemende skaal, gebaseer op die beskikbaarheid van hulpmiddels, sal implementeer. Die Kantoor van die Staatsdienskommissie sal na die Kommissie se Sekretariaat verskuif met sy huidige begroting en dié voorskrif sal deur die Sekretariaat gebruik word. ŉ Bykomende begroting op ŉ toenemende basis sal vir die implementering van die uitgebreide mandaat aan Staatsentiteite en plaaslike regering vereis word.

3.32. Klousule 19 maak voorsiening vir regsverrigtinge deur of teen die Kommissie. Dit maak daarvoor voorsiening dat die Kommissie ŉ regsentiteit is wat kan dagvaar en gedagvaar kan word. Die Wet op Staatsaanspreeklikheid, 1957 (Wetnr. 20 van 1957) is toepaslik op die Kommissie.

3.33. Klousule 20 maak voorsiening vir die Kommissie se mag om reëls te maak deur kennisgewing in die *Staatskoerant* betreffende griewe, klagtes, die uitreik van dagvaardiging, fooie betaalbaar vir dienste wat die Kommissie mag lewer en ander aangeleenthede wat toegelaat word om ingevolge ŉ reël gereguleer te word.

3.34. Klousule 21 maak voorsiening vir die herroepping en wysiging van Wette.

3.35. Klousule 22 maak voorsiening vir oorgangsreëlings wat toepaslik is op die Kommissie.

3.36. Klousule 23 maak voorsiening vir die kort titel en inwerkingtreding van die Wet. Die klousule maak voorsiening vir die President om die aanvangsdatum van die Wet deur Proklamering in die *Staatskoerant*, vas te stel. Die President word verder bemagtig om verskillende datums te bepaal om ŉ progressiewe infasering en implementering van die Kommissie se mandaat aangaande die volgende, te verseker: • munisipaliteite of munisipaliteitkategorieë; en

• Staatsentiteite of Staatsentiteitkategorieë.

**4. ORGANISATORIESE- EN PERSONEELIMPLIKASIES**

4.1 Daar word verwag dat daar geen bykomende organisatoriese- en personeelimplikasies vir die Kommissie sal wees met die huidige organisatoriese struktuur wat verskuif na die onlangs gevestigde Sekretariaat van die Kommissie nie. Dit sal geskied deur ŉ funksieverskuiwing van die bestaande Kantoor na die Sekretariaat, waaronder bestaande hulpbronne en begroting met geen verandering aan die organisatoriese ontwerp of aantal personeel nie.

4.2. Wanneer die Kommissie se mandaat geïmplementeer word om die griewe- en klagtehantering, kontrole en evaluasie van munisipaliteite en Staatsentiteite op plaaslike regeringsvlak en nasionale en provinsiale regeringsvlak in te sluit, sal die Kommissie bykomende menslike hulpbronne benodig. Nuwe werk betreffende munisipaliteite en Staatsentiteite mag tydens die vroeë fases deur die herprioritisering van bestaande hulpbronne hanteer word. ŉ Progressiewe implementeringsplan sal in plek gestel word.

4.3. Bykomende finansiële en menslike hulpbronne mag, waar toepaslik, vereis word vir die verwagte groei van die Kommissie se Sekretariaat se posinstelling en sal afhang van die goedkeuring van bykomende begrotings. Die uitgebreide mandaat mag geïmplementeer word deur tydelike personeel of hulpbronne op ŉ projekbasis te gebruik, totdat die Sekretariaat genoegsame hulpbronne het om sy volle mandaat in die munisipaliteite en Staatsentiteite, te implementeer.

## 5. FINANSIËLE GEVOLGE VIR DIE STAAT

5.1. Die besigheidsaak argumenteer vir ŉ funksieverskuiwing van die bestaande Kantoor na die Sekretariaat, waaronder bestaande hulpbronne en begroting. Daar sal voorbereidende aksie en stelselontwikkeling wees wat benodig word om voorsiening te maak vir die verskuiwing weg van die Staatsdiens af en gebruik van dwarsliggende stelsels, waar beskikbaar. Die beraamde kapitaalbegrotingsverhoging in die eerste jaar van die vestiging van die Sekretariaat se koste word teen R15,780,960 beraam en finansiële hulpbronne sal intern verkry word.

5.2. Die Kommissie se mandaat sal, sodra die Wetsontwerp as wet uitgevaardig word, versterk en uitgebrei word ingevolge plaaslike regering en Staatsentiteite. ŉ Bykomende tak is op die begrotingstruktuur bygevoeg, naamlik Program 5: Provinsiale Bedrywighede, om doeltreffende koördinasie van bedrywighede vir die uitvoer van die Kommissie se mandaat op provinsiale vlak, te verseker. Die basislyn-kosteberaming van die Wetsontwerp op die Staatsdienskommissie in die MTUR is as volg:

| **Ekonomiese indeling** | **2024/25** | **2025/26 Basislyn R’000** | **2026/27 Basislyn R’000** |
|---|---|---|---|
| Vergoeding van werknemers | 84 194 | 89 245 | 94 600 |
| Goedere en dienste | 40 930 | 29 749 | 30 525 |
| Masjinerie en toerusting | 2 916 | | 1 009 |
| **Totale ekonomiese indeling** | **128 040** | **118 994** | **126 134** |

Uitkomste: die spesifieke veranderings in deelnemers (d.i. begunstigdes) se gedrag, kennis, vaardighede, status en hoedanigheid.

5.3. Die verwagte koste vir die implementering van die Kommissie se mandaat by die munisipaliteite en Staatsentiteite sal toepaslik wees op die verwagte groei van die Kommissie na vestiging as ŉ grondwetlike instansie en sal afhang van die goedkeuring van bykomende begrotings.

5.4. Daar word beplan dat die implementering van die Kommissie se mandaat aan munisipaliteite en Staatsentiteite in fases sal plaasvind, gebaseer op die beskikbaarheid van hulpbronne en die moontlikheid om ŉ kosteverhaling-/bestuursfooie op spesifieke projekte wat op versoek geïmplementeer word, te hê.

**6. DEPARTEMENTELE LIGGAME OF PERSONE GERAADPLEEG**

6.1. ŉ Besigheidsaak en die sosio-ekonomiese impakassessering is voltooi om ŉ basis te verskaf vir die regverdiging van die Wetsontwerp en die vestiging van die Sekretariaat om die Kommissie se outonomie en onafhanklikheid te verbeter.

6.2. Die raadpleging oor die Konsepwetsontwerp het tussen 2018 en 2023 in die verskeie strategiese plansessies van die Kommissie plaasgevind. Die Wetsontwerp is aan die Kommissie se bedingingsforum voorgelê en Kommissiepersoneel en baie ander belanghebbendes is geraadpleeg. Alle instansies wat demokrasie ondersteun, die DSA, die Nasionale Tesourie, die Pensioenfonds vir Staatsamptenare (GEPF), die Kantoor van Instansies wat Demokrasie Ondersteun, die Kantoor van die Openbare Beskermer en die Kantoor van die Ouditeur-Generaal is geraadpleeg. Die Wetsontwerp is op 9 Junie 2023 vir die openbare kommentaar in die *Staatskoerant* op so ŉ wyse gepubliseer wat aan georganiseerde plaaslike regering soos die SAVPR, munisipaliteite en ander belanghebbende persone ŉ geleentheid gegun het om vertoë aangaande die konsepwetgewing te rig. Hul vertoë is oorweeg en by die Wetsontwerp ingesluit. Insette wat by werksessies ontvang is, is in die Wetsontwerp

geïnkorporeer en slegs drie uit die 16 geskrewe insette wat ontvang is, het nie die Wetsontwerp ten volle ondersteun nie.

6.3. Die werkgroep vir Staatsbestuur en Interregeringsverhoudings is geraadpleeg. Die SAVPR Noordwesprovinsie, SAVPR Wes-Kaapprovinsie en SAVPR Limpopo-provinsie is ook, in ooreenstemming met Artikel 154(2) van die Grondwet, oor die Wetsontwerp geraadpleeg.

**7. GRONDWETLIKE IMPLIKASIES**

7.1. Die Wetsontwerp poog om ŉ wetgewende en institusionele raamwerk teweeg te bring wat die onafhanklikheid, onpartydigheid en regverdige implementering van die Staatsdienskommissie se mandaat ingevolge Artikel 195 en 196 van die Grondwet in ooreenstemming bring en bevorder.

7.2. Die bevordering van ŉ etiese, professionele en ontwikkelingstaat sal regoor die Staatsdiens en Staatsadministrasie bereik word. Dit sal ondoeltreffendheid in die Staatsdiens verminder en vereniging en professionalisering van Staatsadministrasie bevorder.

**8. PARLEMENTÊRE PROSEDURE**

8.1. Die vasstelling of ŉ Wetsontwerp ŉ Artikel 76 Wetsontwerp is, word ingevolge die uitdruklike lys van wetgewende aangeleenthede in Artikel 76(3)(a) tot (f) van die Grondwet en of die Wetsontwerp se voorskrifte op wesenlike wyse binne ŉ huidige provinsiale wetgewende raamwerk val, bepaal.

8.2. Artikel 76(3)(e) van die Grondwet maak daarvoor voorsiening dat enige wetgewing wat in Artikel 196 van die Grondwet oorweeg word ingevolge die prosedure in Artikel 76 goedgekeur moet word. Die Wetsontwerp moet in dié opsig ingevolge Artikel 76 van die Grondwet hanteer word, wat beteken dat die Wetsontwerp by die Nasionale Vergadering en die NRP bespreek moet word, aangesien dit ŉ nasionale wetgewing is wat die funksies en bevoegdhede van die provinsies raak.

8.3. Die Wetsontwerp moet na die Nasionale Huis van Tradisionele en Khoi-San-leiers verwys word, in ooreenstemming met Artikel 39(1)(b) van die Wet op Tradisionele en Khoi-San-Leierskap, 2019 (Wetnr. 3 van 2019) aangesien dit verband hou met aangeleenthede waarna daar in Artikel 154(2) van die Grondwet verwys word.

Gedruk deur Creda Communications

ISBN 978-1-4850-1016-6